# Die Penveer

15 Januarie 2025

Futurum Akademie

HOËR STREWE

Posbus 656 • Jan Kempdorp • 8550

# Baie welkom terug!

Welkom terug by die skool in 2025! Ons is opgewonde om elke ouer en leerder terug te verwelkom by ons skoolgemeenskap en sien uit na 'n jaar vol groei, leer en sukses. Mag hierdie nuwe jaar gevul wees met harde werk, vreugde en prestasie, en mag elke uitdaging 'n geleentheid wees om sterker te word. Ons wens julle alles van die beste toe vir die jaar wat voorlê – laat ons saamwerk om 2025 onvergeetlik te maak!

## Wysheid vir 'n ouer:

Die begin van 'n nuwe jaar bring altyd 'n mengsel van hoop en onsekerheid, en as moderne ouer staan jy aan die voorpunt van jou gesin se reis. Onthou dat jy nie perfek hoef te wees nie, maar wel aanhoudend en doelgerig. Elke uitdaging wat hierdie jaar mag bied, is ook 'n geleentheid om jou kinders te leer oor veerkragtigheid, deursettingsvermoë en die krag van 'n positiewe ingesteldheid. Wees geduldig met jouself en onthou dat jou betrokkenheid en liefde die grootste geskenk aan jou kinders is.

Dit is ook belangrik om balans te vind tussen jou verantwoordelikhede en jou eie welsyn. Maak tyd vir jou eie groei, rus en vreugde – 'n gelukkige ouer inspireer 'n gelukkige huis. Hou jou oë oop vir die geleenthede wat hierdie jaar bring, of dit nou 'n nuwe vaardigheid, 'n sterker gesinsband of 'n onverwagte avontuur is. Jy het die vermoë om hierdie jaar 'n sukses te maak – een stap op 'n slag, een dag op 'n slag.
Jy is sterker as wat jy dink!



# Kalender datums
# 2025

**Kwartaal 1: (48 dae)**

| | |
|---|---|
| Skool begin: (Vir personeel) | : 13 Januarie 2025 (Maandag) |
| Skool begin: (Vir leerlinge) | : 14 Januarie 2025 (Dinsdag) |
| Skool sluit: (Vir leerlinge en personeel) | : 20 Maart 2025 (Donderdag) |
| 0/13 Netbal- en rugbytoer | : 27 Maart – 2 April |

**Kwartaal 2: (52 dae)**

| | |
|---|---|
| Skool begin: (Vir leerlinge en personeel) | : 7 April 2025 (Maandag) |
| Publieke vakansiedae | : 18 April (Vrydag)<br>21 April (Maandag) |
| Publieke- en skole vakansiedae | : 28 April – 2 Mei (Ma. - Vry.) |
| Publieke vakansiedag | : 16 Junie (Maandag) |
| Skool sluit: (Vir leerlinge en personeel) | : 27 Junie 2025 (Vrydag) |

**Kwartaal 3: (44 dae)**

| | |
|---|---|
| Skool begin: (Vir personeel) | : 21 Julie 2025 (Maandag) |
| Skool begin: (Vir leerlinge) | : 22 Julie 2025 (Dinsdag) |
| Skool sluit: (Vir leerlinge en personeel) | : 19 September 2025 (Vrydag) |

**Kwartaal 4: (43 dae)**

| | |
|---|---|
| Skool begin: (Vir leerlinge en personeel) | : 6 Oktober 2025 (Maandag) |
| Skool sluit: (Vir leerlinge) | : 3 Desember 2025 (Woensdag) |
| Skool sluit: (Vir personeel) | : 5 Desember 2025 (Vrydag) |

# JANUARIE KALENDER

- (Let op na datums in rooi. Dit is of bykomende datums of net meer inligting, bv. tye wat by is.)

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |
| 12 | 13<br>*FA Personeel begin<br>*Gr.12 2024 uitslae 15:00 | 14<br>*FA Begin vir leerlinge<br>*HS Sokkie<br>*Gr. 1 Klokseremonie<br>*Gr. 7 & 12 Vlerkie oorhandiging | 15<br>*Openbare skole begin | 16 | 17<br>*Gr. 8 Kamp | 18<br>*Gr. 8 Kamp<br>*Gr. 1 Modeparade<br>*Gr. 7 BK-dag |
| 19 | 20<br>*Inligtingsaand Grondslagfase (5h)<br>*Inligtingsaand Gr.4-7 (6h) | 21<br>*Inligtingsaand Gr.8-12 (6h)<br>*ATKV Lippediens Drukkiedag | 22 | 23<br>*Kleure Atletiek<br>- Velditems | 24<br>*Kleure Atletiek<br>Baanitems | 25 |
| 26 | 27<br>*Hengelvergadering | 28 | 29<br>*Eureka Atletiek<br>*HS Zone Atletiek | 30 | 31 | |

# Januarie verjaarsdae

1 Milah Harbron

2 David Becker

Danelle v.d. Merwe

3 Desri Payne

4 Louis Colyn

Christiaan v.d. Merwe

Johannes Vorster

9 Mianè De Klerk

Lené Rossouw

Diaan Snyman

10 Hilda du Plessis

WJ van der Berg

Lenay van Niekerk

13 Leben Erwee

17 Elmay du Preez

Joah Erwee

Jandré v.d. Merwe

18 Juf. Liza-Mé Henning

Elné Strauss

19 Ethan Goncalves

Reynardt Stoltz

20 Juf. Annelize Provic

Linka Van Schalkwyk

25 Wehan Muller

Moya Swiegers

27 Karli Becker

29 Craig Bergh

# Belangrike inligting rakende skoolfonds vir 2025:

Neem asb kennis van die verhoging van skoolfonds vir 2025. Futurum Akademie se standaarde kan slegs gehandhaaf word as ons die beste onderwysers het en die skool se fasiliteite deurgaans verbeter word.

By alle privaatskole is die salarisse van onderwysers by verreweg die grootste koste. Die skool se finansies word konserwatief bestuur. Verhogings word daarom beperk, maar sonder om die skool se kwaliteit onderrig te affekteer. Kwaliteit onderrig vir u kind in hul moedertaal bly nogsteeds ons as skoolraad se eerste prioriteit.

## Die skoolgelde vir 2025 sien soos volg daar uit:

| | Maandeliks | Jaarliks |
|---|---|---|
| **Administrasiefooi Herregistrasiefooi** | (eenmalige bedrag per jaar) | R 795 per leerling |
| **Graad R** | R 2450 + **R85** = **R2 535** per leerling per maand<br><br>(R85 addisionele koste per maand vir robotika en kodering.) | R 29 400 + R1020 = **R30 420** per leerling per jaar [12 maande]<br><br>(R1020 addisionele koste vir robotika en kodering) |
| **Laerskool (Gr 1-3)** | R3080 + **R85** = **R3 165** per leerling per maand [12 maande]<br><br>(R85 addisionele koste per maand vir robotika en kodering per maand.) | R36 960 + R1020 = **R 37 980** per leerling per jaar<br><br>(R1020 addisionele koste vir robotika en kodering per jaar) |

| | Maandeliks | Jaarliks |
|---|---|---|

**Kodering en Robotika sal ingefaseer word oor die volgende 2 jaar:**

Fase 1: 2025 – Gr R tot Gr 3

- Die addisionele koste wat ingereken is by die Gr R tot 3 is vir kodering en robotika wat vanaf kwartaal 2 aangebied gaan word.
- Dit sluit alle nodige hulpbronne en opleiding in vir die aanbied van hierdie aktiwiteit.

Fase 2: 2026 – Gr 4 tot Gr 9

- Jan 2026 sal kodering en Robotica ingefaseer word vir Gr 4 tot Gr 9.

| | Maandeliks | Jaarliks |
|---|---|---|
| **Laerskool (Gr 4-7)** | **R 3080** (per leerling per maand) | **R 36 960** per leerling per jaar [12 maande] |
| **Hoërskool (Gr 8-11)** | **R 3580** (per leerling per maand) | **R42 960** per leerling per jaar [12 maande] |
| **(Gr 12's)** | **R 3580** (per leerling per maand) | R42 960 + R9 164 **= R52 124** per jaar<br><br>(R9 164 - **IEB eksamenfooie** vir eindeksamen van 2025) |
| | • Die **IEB eksamefooie** is 50% betaalbaar Junie 2025 en 50% betaalbaar 1 September 2025 | |

**Indien ouers hul kind se skoolfonds vooruit betaal voor einde Januarie kry hul 5% korting op hul skoolfonds.**

**In 2025 is die skoolgelde betaalbaar op die volgende metode:**

- Skoolgelde word maandeliks oor 12 maande betaal.
- Skoolgelde is betaalbaar voor die sewende van elke maand.
- Die bedrag van skoolgeld moet jaarliks op die aftrekorder aangepas.
- Met alle direkte inbetalings, asook enige korrespondensie, moet die familienommer te alle tye as verwysing gebruik word.

**Bankbesonderhede:**
**Rekeningnaam: Futurum Akademie**
**Standard Bank Tjekrekening**
**Rekeningnommer: 282881999**
**Takkode: 05-01-01**

# Matriek 2024 IEB Uitslae:

Baie geluk aan ons eerste Matrieks wat die IEB eksamen geskryf het met julle mooi prestasies!

Uit ons 11 kandidate:

- 100% Slaagsyfer
- 10 met Universiteitsvrystelling
- 1 met Diplomavrystelling
- 3 A's
- 25 B's
- 25 C's
- 1 Leerder onder die top 1% in Landboutegnologie.



Bianca van Zyl

**A's in:**
*Engels Eerste Addisionele Taal



Xandré du Randt

**A's in:**
*Engels Eerste Addisionele Taal
*Lewensoriëntering



JJ Becker

**Top 1% in:**
*Landboutegnologie

## ATKV Lippediens:

Ons skool se ATKV Jeugtak, Lippediens, beplan om hierdie jaar die volgende datums te vier:

**Drukkiedag** - 21 Januarie
**Wêreldfliekdag** - 8 Februarie
**Nasionale Melktertdag** - 27 Februarie
**Wêreld-tienergeestesgesondheidsdag** - 2 Maart
**Boomplantdag** - 25 April
**Wêrelddansdag** - 29 April
**Wêreldinkleurdag** - 6 Mei
**Wêreldsjokoladedag** - 7 Julie
**Internasionale dag vir ouer persone / Internasionale Koffiedag** - 1 Oktober
**Wêreld Onderwysersdag** - 5 Oktober
















# Die week in foto's




























































Futurum Akademie
Hoër Strewe

Akademie
Hoër Strewe



Hoër Strewe




Welkom
klas 2025
GR R


GRAAD
R








Welkom
klas 2025




Welkom

Welkom
Klas 2025
















DOBBY








Offisier : Juan Nel
























# HOËR STREWE

*Mnr. Rudi Meyer*

Skoolhoof